

Judas

Algemene indruk

Die vertaling van Judas is baie goed en duidelik!

Spesifieke voorstelle (T = Teks, V = Voorstel, M = Motivering)

Judas 1:3

T: wat vir eens en altyd aan die heiliges toevertrou is

V: wat vir eens en altyd aan die heiliges oorgelewer is

M: Dit lyk tog asof “παράδωμι” wil wys op die direkte oorlewering aan die gelowiges. Dit wys dus eerder op die manier waarop dit ontvang is as op die feit dat dit aan hulle toevertrou is.

Judas 1:4

T: en ons enigste Heer en Meester, Jesus Christus, verwerp.

V: en ons enigste Heer en Meester, Jesus Christus, loën.

M: Ons wil pleit om die woord “loën” te behou, omdat dit ’n sterk fokus op publieke ontkenning het.

Judas 1:10

T: en dit wat hulle van nature soos redelose diere verstaan

V: en dit wat hulle instinktief soos redelose diere verstaan

M: O.i. is dit ’n vertaling wat beter aansluit by die voorafgaande “dit wat hulle nie ken nie”. Dit is baie na aan die voorgestelde vertaling, maar maak meer duidelik dat hulle dade nie op kennis gegrond is nie.

Judas 1:11

T: Ellende wag vir hulle

V: Wee hulle / Vervloek is hulle!

M: Die huidige vertaling verloor die krag van die vervloeking wat uitgespreek word.

Judas 1:15

T: om alle mense te straf vir al die goddelose dade

V: om alle goddelose mense te straf vir die dade

M: Die feit dat dit goddelose dade is wat gestraf word, word reeds in die vervolg van die vers aangegee. Dit is ons insiens beter (en duideliker in die lig van die res van die Skrif!) om die teksvers so te vertaal.

Judas 1:16

T: Hulle is klaagsiekes, knorpotte

V: Hulle is klaagsiekes, foutvinders/ontevredenes

M: Die woord “knorpot” wys te veel op knorrige wees, terwyl die betekenis van foutvind of ontevredenheid op die voorgrond moet wees.